NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Januarie 2009 www.ptawoodworkers.com **January 2009**

Redaksioneel

So met die nuwe jaar kan ‘n mens nie anders as om jou te verwonder oor hoe gou die tyd omgaan nie. Kan julle nog onthou hoe lank ‘n skooljaar was? Dit was mos oneindig lank voor die volgende vakansie aangebreek het. Deesdae is die een Januarie sommer op die hakke van die volgende een. Ek kry ook die indruk dat ek aanmekaar vir familie en vriende met hul verjaarsdae ens moet gelukwens. Dit is skrikwekkend, maar—dit is vir my nou al hoe duideliker waarom ek so min gedoen kry. Daar is net eenvoudig nie meer genoeg tyd in een jaar om by alles uit te kom wat jy wil (of wou) doen nie! Ek dink ek moet poog om die brieke op die tyd te probeer kry. Moontlik moet ‘n mens weer probeer om by ‘n paar projekte ook uit te kom. Op die wyse sal jy weer resultate kan toon en sodoende hopelik die illusie kry dat die jaar langer is.

I hope that all our members will share my concern about time. I hope all of us will try to finish a few woodworking projects for this year. From my part I want to wish everyone a very happy and successful new year. May you experience lots of good times with friends and family.

In November se Tambotie het Lou Coetzer die een en ander te sê gehad oor Erik Holm se boek “Natuur-lik “ Ek het na ‘n bietjie se gesukkel daarin geslaag om een te koop. Dit is regtig lekker leesstof- net die ding om die dag mee af te sluit. Probeer dit gerus lees.

Programme for January

- Wednesday, 21 January, at 18h00 hrs: Turners’ meeting at Louw Coetzer’s workshop. The projek for this month is anything of your own choice.(Telephone 012 991 1241)
- Wednesday, 28 January, at 18h00: Annual General Meeting of the Woodworking Association of Pretoria. Notice of this meeting was published in the December Tambotie.
- Due to the holidays, I did not get an input as to the cabinetmakers’ intentions for the January meet. Cabinet makers can contact Danie Venter at 012 332 4082.

VAN DIE BESTUUR

- Met die jaar 2009 voor ons is dit vir die Bestuur ‘n voorreg om alle lede en hulle geliefdes ‘n wonderlike 2009 toe te wens. Mag almal vrede en vreugde ervaar en ons bede is dat ons mekaar weer met nuwe inspirasie tot groter hoogtes met ons Vereniging sal aanspoor.
- Gewoonlik word almal vir hulle bydrae tot ons werksaamhede gedurende die vorige jaar tydens die Algemene Jaarvergadering bedank maar dit sal seker nie onvanpas wees om nou reeds almal wat met groot entoesiasme deelgeneem het vir hulle bydrae te bedank nie. Dit was vir die Bestuur werklik ‘n voorreg om gedurende 2008 sy taak in belang van ons Vereniging na te kom want die deelname van almal het dit heel maklik gemaak.
- For the new year and the new Management to be elected during the first

meeting in January 2009 there are already a number of interesting items identified during 2008 which can followed up and 2009 is set to be just as successful as the previous years. It will definitively once again prove that membership of the Woodworking Association of Pretoria is worthwhile and that the benefit and knowledge we gain from membership is worth much more than the annual subscription we pay.

Slot

Ons het regtig nie enige insette ten opsigte van die vereniging se werksaamhede vir die afsienbare toekoms gehad hier oor Desember nie. Lyk my almal het by die huis gesit en hulself verknies oor die petrolprys (wat nou, met die verkiesing op hande, gelukkig weer so ‘n bietjie af is.) wat gemaak het dat hulle nie kon rondry nie. So nie was almal te besig. Hoe dit ook sy- ons sal poog om weer vanaf die einde van die maand weer meer te sê te hê.

Onthou tog maar die
Algemene jaarvergadering en

WOON BY